Elytrophorus spicatus

Hierdie **GRAS** groei in vleie met swart kleigrond, gewoonlik wanneer die water aan die opdroog is. Die **wortel**stelsel is maar klein. In droogdetye is die graspol klein, die gras**halms** redelik kort (ongeveer 15 cm), in jare met baie goeie reëns is die stele dubbel tot driekeer die lengte. Die **blare** is nogal breed, maar as weiding nie van belang nie, daar is te min. In blomtyd, sit daar klein wit **blommetjies** op die klosse wat styf om die grashalm groei.

In Namibië groei dit in die sentraal-noordooste en noordelike dele, waar daar vleie is.Daar kom twee spesies *Elytrophorus* voor, nl. *E.globularis* en *E.spicatus.* Aangesien die vleigrond bo kliphard word, bly die vog na onderkant toe langer beskikbaar, en die gras droog nie so vinnig op nie. Dit groei saam met en tussen biesies en ook watervarings *Marsilea.*

Die gras is nogal dekoratief.

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Mei 2021